# Die BYBEL

(66 Boeke)

Montana
Bybelskool

ONS GLO - Die Bybel is Die Woord van God

**2Ti 3:16** Die hele Skrif is deur God **geïnspireer** en het **groot waarde** om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek,
2Ti 3:17 sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

2Pe 1:20 Dít veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie,
2Pe 1:21 want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.

(Hand 28:23; Luk24:27)

# HERSIENING

**Ons het reeds behandel:**

Die **Ontstaan van die Bybel**

- Skrif kritiek en Tekskritiek
- Fases van oordrag van die Boodskap
  - Mondelings / sing / oorvertel.
  - Geskrewe – Ongevokaliseerd en Gevokaliseerd
- Hoekom tekskritiek nodig is
- Teorieë van die ontwikkeling van die Bybeltekste (Manuskripte)
- Proto-Masoretiese Teks (MT) as
  - een van die oudste en oorspronklikste manuskripte gesien kan word
  - ́n soort standaard beskou en as vertrekpunt vir enige nuwe vertaling.
  - Unieke gesagsposisie in Joodse kringe (Rom 3:2)
- Doelstellings van tekskritiek
- Gevolgtrekkings
  - God het oorspronklike geskrifte laat verdwyn soos ander goed omdat mense dit aanbid

# HERSIENING(vervolg)

- Verskillende vertalings
  - Oorspronklike teks - Bestaan nie
  - Manuskripte - Vele weergawes
  - Vertalings - Alle vertalings is vertalings van manuskripte
  - Vertalings loop 'n skaal van letterlike vertalings (sover die taal waarnatoe dit vertaal word die letterlike woorde kan akkommodeer) tot by parafrases.

**SKAAL VAN VERTALINGS**

Mees suiwer — Minste suiwer

| Oorspronklike Teks | Manuskripte | Vertalings | | Parafrases |
|---|---|---|---|---|
| Nie beskikbaar | Vele | Goeie/Swak Vertalings | | Goeie/Swak parafrases |
| Eng | - | KJV/ ESV | NIV | MSG |
| Afr | - | 1933/53 / NAV /NLV | | Die Boodskap |

**Vertaling** is 'n Bybel wat sover moontlik probeer om 'n woordelikse vertaling te doen van die oudste manuskripte en nuutste inligting beskikbaar na die woorde van die taal waarnatoe dit vertaal word en na woorde toe wat beskikbaar is om dit die beste te omskryf.

Onthou ook taal is lewendig en verander gedurig nie direk woord vir woord vanaf die mees oorspronklikste manuskripte vertaal is nie, maar waar die vertaler of skrywer van die parafrase eerder die bedoeling van die boodskap soos (hy dit verstaan) weergee.

**Parafrase** is 'n Bybel wat nie direk woord vir woord vanaf die mees oorspronklikste manuskripte vertaal is nie, maar waar die vertaler of skrywer van die parafrase eerder die bedoeling van die boodskap soos (hy dit verstaan) weergee.

# INHOUD

1. Die Ontstaan van die Bybel ←
2. Die Gesag van die Bybel
    1. Gesag (Inspirasie) ←
    2. Interpretasie
3. Struktuur / Uitleg van die Bybel
4. Die storielyn van die Bybel
5. Die Bybel – Boek vir boek

## Gesag / Inspirasie

**Die vraag is:** Wat verstaan ons as die Bybel sê die Woord is deur God **geïnspireer** (ANV/KJV) of deur God **ingegee** (AOV) of deur God **uitgeasem** (ESV/NIV) 2Tim3:16

- Kan ek onomwonde sê elke woord is geïnspireer en moet dus letterlik opgeneem word?

Neem byvoorbeeld
- Mat 9:13b en Rom 3:23; 5:12 - Sondaar

En

- Mat 8:12 – Kinders van die koningryk gaan hel toe

of

- Hosea 1:2 – Waar die Here vir Hosea sê hy moet met 'n hoer gaan trou. (Beteken dit ons kan nou almal vandag met hoere gaan trou omdat God dit vir Hosea beveel het?)

Mat 9:13 Maar gaan leer wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie; want Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering.
Rom 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,
Rom 5:12 Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het

Mat 8:12 Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

Ons kan dus nie net 'n enkel vers vat wat ons pas en besluit ons weet presies wat dit beteken nie.

# Gesag / Inspirasie (vervolg)

## Twee hoof (mees algemene) dwalings

**Fundamentaliste (Meganies)**

- Meganiese inspirasieleer
- Ontken dat daar 'n proses plaasvind tydens lees- of verklaarproses
- Alles letterlik
- Gelykstel van eie verstaan en die Bybelgedeelte self
- Die wat verskil is ongehoorsaam of ketters

**Relativiste**

- Geen "Bedoeling van die Gees" nie.
- Party - geen "Bedoeling van die Teks" nie.
- Alles is relatief en is maar reg

Meganiese inspirasieleer
- Die skrywer was geensins betrokke nie en God het basies net sy hand gebruik

# Gesag / Inspirasie (vervolg)

**Ons glo**

- Aan die Organiese inspirasieleer en dit beteken basies
  - God werk middellik (2Sam 7:14)
  - Bybel as Heilsopenbaring of Openbaringsgeskiedenis
  - Nie tydgebonde – Wel tydgefokus
  - Ons erken "Bedoeling van die Gees"
  - Eenvoudig genoeg vir enigeen om te verstaan om gered te word en tog...
  - God se Woord in mensetaal – Daarom kan dit uitgelê verklaar en toegepas word en veral omdat ons die belofte van die verligting van die Heilige Gees het. (Joh 14:26)
  - God se amptelike stem

Middellik – Dit is een van God se karaktereienskappe om middellik te werk. Dit is ook sy normale manier van werk met die mens

Openbaringsgeskiedenis – God het homself al meer en meer aan die mens geopenbaar. Adam Noag Abraham Moses Dawid – JESUS - Finaal

Nie tydgebonde - Die Bybel se boodskap geld vir - en is geldig vir alle mense van alle tye.

Wel tydgerig – Die Bybel was wel gedurende 'n sekere tyd met 'n sekere kultuur en gebeurtenisse geskryf

Bedoeling van die Gees – Ons glo dat die Heilige Gees vir ons dit moet duidelik maak hoe ons die Skrif moet verstaan en wat daar bedoel was.
- Luk24:32 – Jesus lê Skrif uit vir die Emmuasgangers
- Hnd 17:3 – Paulus lê Skrif uit vir die Jode
- 2 Pet 1:20 – Petrus sê net die Heilige Gees kan ons help

Eenvoudig genoeg en tog... Rom 11:33 O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë! Job11:7-9; 26:14; Ps 77:19; 92:5 Pred 3:11 God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd, maar Hy het ook aan die mens 'n besef gegee van die onbepaalde tyd. Tog kan die mens die werk van God van begin tot einde nie begryp nie.

God se amptelike stem – Jesus het die Skrif geglo daarom glo ons dit

# Gesag / Inspirasie (vervolg)

**Wat sê ons:**
Erkenning van die gesag van die Bybel behels dus basies 2 dinge:

- Ons erken dat daar 'n "Bedoeling van die Gees" is en dat die Heilige Gees 'n spesifieke bedoeling met elke skrifgedeelte het, vir die eerste lesers/hoorders sowel as vir die mense van vandag.
  - Dus nie Relativis

- Ons erken dat alle verstaanwerk van die leser – feilbare mensewerk is.
  - Dus nie Fundamentalis

## Gesag / Inspirasie (vervolg)

Kontroles vir geldige Skrifverklaring

1. Verrekening van literatuursoort
2. Verrekening van Tydvak
3. Verrekening van tydgebonde en tydgerig
4. Gesofistikeerde aanhalings uit ander boeke in die Bybel
5. Waak teen naïewe lees van die Bybel
6. Verrekening dat die Bybel self wys wat letterlik verstaan moet word
7. Verrekening dat eksegetiese beslissings dikwels nodig is.

Literatuursoort – Wette, Prosa, Lied, Gedig, Profesie- Simboliese taal of Brief

Tydvak – God het 'n betrokke boek in 'n spesifieke tyd om spesifieke redes laat ontstaan. Ons kan nie sommer alles wat Paulus vir Korintiërs geskryf het, direk vir 'n huige leser in sy huidige omstandighede skryf nie.

- Rom 16:16 direk toegepas, sou beteken en moet al my manlike broers met 'n soen groet as ek hulle sien.

Tydgebonde - Nee - Bybel geld vir alle tye

Tydgerig- JA – Amos kon in Amos 4:1 vir die vrouens sê hulle soos die koeie van Basan, maar as ons dit vandag sou doen, of in ons kultuur dan sal niemand weer kerk toe kom nie.

Keiser – Nêrens in die OT kry mens dat daar van 'n keiser gepraat word nie maar in die NT (wat in sê 60 jaar se tyd klaar geskryf was) is dit volop. Vandag geen Keiser en Goewerneurs (AOV 1Pet2:13,17- koning)

Gesofistikeerde aanhalings uit ander boeke in die Bybel–

- Luk 1:2 - Lukas erken hy gebruik ander bronne
- Hnd 17:28 Paulus haal nie Christelike digter aan
- Titus 1:12 – Waarskynlik Griekse skrywer Epimenides aangehaal

Waak teen naïewe lees van die Bybel

- Moenie goed in die Bybel inlees wat nie daar staan nie
- Moenie Dogma bou op 1 vers nie (Jer 29:11)

Die Bybel self wys wat letterlik verstaan moet word – indien nie moet die leser baie verantwoordelik hierteenoor optree

- Getalle in Openbaring - Duidelik nie letterlik bedoel maar simbolies
- Hoofbedekking in die erediens – Nie dadelik so duidelik

Verrekening dat eksegetiese beslissings dikwels nodig is.

- Nie na willekeur maar baie verantwoordelik en met groot omsigtigheid en biddend

# Gesag / Inspirasie (vervolg)

**Nederige voorlopigheid in Skrifverklaring**

Met bogenoemde kontroles dwing dit jou tot voorlopigheid


- Basies etiese sake soos gedragsvoorskrifte
- Nie geloofswaarhede wat vas staan as die waarheid soos:
    - Christus se geboorte, in ons plek gesterf, opgestaan
    - Jesus Christus is God, HG woon in ons, Christus gaan terugkeer

**Behoort te erken**:

- Eie kortsigtigheid en gebrokenheid – Jy kan verkeerd wees
- Versigtig wees met interpretasiewerk – Nie op losse basis maar behoort te luister as iemand 'n standpunt het en dit dan biddend te beoordeel.

**Behoort voorneme te hê**

- Om nie op te tree asof ek die eerste een is wat onder leiding van die HG die Skrif bestudeer nie
- Vol te hou met die biddende bestudering van die hele Bybel (Skrif met Skrif-vergelyking)




1. My eie vooronderstellings so duidelik en logies moontlik uitmaak en stel.
    1. Indiër is outomaties 'n Moslem wat aan die Islam geloof behoort
    2. Iemand met tatoo is ongehoorsaam aan Gods woord Lev19:28

        Lev 19:28 Julle mag ook ter wille van 'n dooie geen snye in julle vlees maak nie en geen ingeprikte tekening in julle vel maak nie. Ek is die HERE.
    3. Miskien het hy/sy dit gedoen voor hulle regtig die Here geken het
    4. Man met lang hare, oorbel in die oor ens.

2. Bepaalde teologiese tradisie staan en dat my Bybeluitleg daardeur beïnvloed word. Ek is wit – gebore in SA – gedurende apartheidsjare – behoort aan 'n tradisionele kerk met sekere gewoontes en tradisies – Dis die standaard, maar IS DIT?
3. Erken dat 'n bepaalde onderdeel in die Bybel in 'n bepaalde tyd geskryf is en dat daar konkrete faktore was wat op menslike vlak daardie skryf genoodsaak en beïnvloed het. – (Aarde op pilare 1Sam:2:8; Job 9:6; Ps75:3)
4. (Beleweniswaarheid v Wesenswaarheid)
5. Ons eie tyd met eie probleme maak dat ons die Bybel op ons eie manier lees, maar dat Skrif wat in ander tyd gebruik was om 'n spesifieke probleem op te los – Nou lig op ander probleme kan gee (Rook, Dobbel – Nêrens konkreet in die Bybel)
6. Hou vas aan die belydenis dat God homself en sy wil aan my openbaar in en deur die Bybel

# Gesag / Inspirasie (vervolg)

**Laastens**

**Hoekom glo ek in die finale instansie aan die gesag van die Bybel?**

1. Omdat God die geloof in my hart geplant het om dit te glo (Ef 2:8)
2. Omdat ek 'n absolute navolger van Jesus Christus is en Hy die Bybel geglo het (ten minste die OT – Kyk maar net na Matteus en Lukas

    1. **Mat 21:42** Toe sê Jesus vir hulle: "Julle het tog al in die Skrif gelees: .....
    2. **Mat 22:29** Maar Jesus antwoord hulle: "Julle dwaal omdat julle nie die Skrif en ook nie die krag van God ken nie.
    3. **Mat 26:54** Maar hoe sal die Skrif dan vervul word wat sê hoe die dinge moet gebeur?"
    4. **Luk 24:44** Daarna sê Hy vir hulle: "Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is." **Luk 24:45** Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. Luk **24:46** Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die .......
    5. Ens. Ens...

Mat 22:29 Toe antwoord Jesus en sê vir hulle: Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie.

Luk 24:44 En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word.
Luk 24:45 <u>Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan.</u>

Rom 15:4 Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê.

## Volgende keer - <u>5 Maart 2013</u>

1. Die Ontstaan van die Bybel - Klaar
2. Die Gesag van die Bybel - Klaar
    1. Gesag (Inspirasie)
    2. Interpretasie

3. Struktuur / Uitleg van die Bybel 5 Maart 2013
4. Die storielyn van die Bybel 5 Maart 2013

1. Die Bybel – Boek vir boek 12 Maart 2013

# Huiswerk

- Lees Gen 1-11 – Eerste 2000 jaar vd aarde se geskiedenis
- Lees Gen 12-36 – Aardsvaders
- Lees Gen 37-50 – Josef-storie